# TEACHERS WITHOUT BORDERS PROGRAMME

BROUGHT TO YOU BY

With grateful thanks to our associate partners, The National Department of Basic Education, The Independent Examinations Board, Siyavula Education, Smarticks, Noteshare, Lemonlicious, datacentrix, and most of all, to the schools and teachers from both the public and private education sectors who as founder contributors, have lent content to the Teachers without Borders programme, for the benefit of all South Africa's learners.

In Bill Gates words, at the Mandela Day 'Living Together' address: "Maintaining the quality of this country's higher education system while expanding access to more students will not be easy. But it's critical to South Africa's future" – working together, we can help achieve this."

**Contributing schools to date:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Clifton School | Milnerton High | Rustenburg Girls' High | St Peter's |
| Durban Girls' | Northwood High | St Anne's DC | St Stithians |
| Fairmont High | Roedean | St John's DSG | Wynberg Boys' High |
| Herzlia High | Rondebosch Boys' | St Mary's DSG Kloof | Wynberg Secondary |

**GRAAD 11** **28 MEI 2019**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**MEI-EKSAMEN**

**Tyd: 2 uur** **70 punte ➔ 100 punte**

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **13** bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings.
   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae IN DIE ANTWOORDBOEKIE.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. **<u>Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.</u>**

6. Geen Engelse woorde / antwoorde sal nagesien word nie.

**AFDELING A LEESBEGRIP**

**VRAAG 1 TYDSKRIFARTIKEL**

**Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**Sy het geglo sy kon dit doen …**

**En sy HET!!!**




[Bron: **huisgenoot.com**, 28 Maart 2019 en Google Beelde]

1 In Amerika het Annie Bothma (23) bekend geword as die “kaalvoet kampioen”, omdat sy sonder skoene oefen. ’n Atleet uit ons eie bodem wat haar deur niks laat onderkry nie, nie eens ’n hormoontoestand wat haar op 11 jaar laat ophou groei het nie.

2 Alhoewel sy so klein soos ’n tinktinkie tussen spiertiere in ’n gim lyk, het sy die hart van ’n leeu. Ten spyte van gesondheidsuitdagings en beserings wat sy in twee motorongelukke opgedoen het, het dit haar aangespoor om haar drome waar te maak.

3 Teen die einde van 2018 was Annie een van die vinnigste Suid-Afrikaanse vroue in langafstandhardloop.

4 Annie het ’n jaar gelede uit Amerika teruggekeer, waar sy ’n meestersgraad in oefenwetenskap verwerf het. Daar het sy die titel *“All-American”* losgeslaan, toe sy die nasionale top-20 vir vroueatlete in die 10 000 m behaal het.

5 Maar die pad na roem was vir dié buksie van Stellenbosch met duwweltjies besaai.

6 Na vele doktersbesoeke is ’n hormoonafwyking by haar gediagnoseer toe sy 19 was. Met behandeling het sy van 1,54 tot 1,63 m gegroei, maar sy lyk steeds klein en jonk vir haar ouderdom.

7 “Ek sukkel ook met my maag,” vertel Annie. In 2013 is seliaksiekte ontdek, ’n allergiese reaksie op gluten wat die dunderm beskadig. Al het sy gluten vermy, het haar gesondheid versleg. Sy was altyd moeg, het gewig verloor, lae bloeddruk gehad en duiselig gevoel.



8 Niks het Annie gekeer om op die atletiekbaan te presteer nie. Op 17 was sy WP se atleet van die jaar. Bekende afrigters soos Zola Budd, wat self in die 1980’s beroemd was as kaalvoet atleet, het haar afgerig.

9 Met haar kort beentjies het Annie ’n sportbeurs gekry om in Amerika te studeer. Binne die eerste paar maande daar het ’n bakkie in haar vasgery toe sy op ’n fiets geoefen het. Sy was bewusteloos en het min van die ongeluk onthou waarin haar linkerknie en haar rug beseer is.

10 Dit het haar twee maande geneem om sonder pyn te loop en nog tien maande voor sy weer kon kompeteer. Sy het geen steun gehad nie en het baie eensaam in ’n vreemde land gevoel.

11 In 2017 was sy eerste oor die wenstreep in die 10 000 m in Texas, maar nog ’n ongeluk het haar getref. Op pad van ’n oefensessie het ’n motor teen hare gebots. Afgesien van harsingskudding was sy nie ernstig beseer nie, maar dit het haar emosioneel geknak.




12 Behalwe haar meestersgraad, het Annie sertifikate in persoonlike afrigting en fiksheidsvoeding. Sy het ’n sakevrou geword met ’n aanlyn onderneming wat oefenprogramme opstel en mense help om daarmee vol te hou.

13 “Ek het ’n 72-jarige kliënt wat die volmaakste optrekke doen wat ek al gesien het. Hy was ook in ’n ongeluk en het ’n kunsknie. Hy en baie ander is vir my ’n inspirasie,” vertel Annie, so trots soos ’n ma.

14 Nes sy vir hulle is.

(480 woorde) [Verwerk uit: **huisgenoot.com**, 28 Maart 2019]

1.1 1.1.1 Wat is Annie se bynaam oorsee? Haal **twee agtereenvolgende woorde** uit paragraaf 1 aan. (1)

1.1.2 Skryf die bekende vroulike Suid-Afrikaanse atleet se naam en van neer wat ook in die verlede soos Annie gehardloop het. (1)

1.2 1.2.1 Hoe vergelyk Annie met ander mense in ’n gim? Haal **drie opeenvolgende woorde** aan om haar liggaamsbou te beskryf. (1)

1.2.2 Verduidelik **waarom** Annie vir haar ouderdom steeds klein en jonk lyk. (1)

1.2.3 Aan watter **ander** gesondheidsprobleem ly Annie? Verduidelik kortliks. (1)

1.3 Kies elke keer die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer en die alfabetletter neer.

1.3.1 ’n Atleet uit ons eie bodem (par. 1) beteken:

A ’n Atleet wat van ’n ander land is.
B ’n Atleet wat van ons eie land is.
C ’n Atleet wat na enige land moet gaan.
D ’n Atleet wat nie in hul eie land is nie. (1)

1.3.2 Maar die pad na roem was ... met duwweltjies besaai,” (par. 5) beteken:

A Annie het die pad na roem baie genotvol gevind.
B Annie se pad na roem was heeltyd ’n redelike een.
C Annie het haar pad na roem as ’n maklike een ervaar.
D Annie se pad na roem was moeilik en baie uitdagend. (1)

1.4 1.4.1 Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling.

*Annie het geldelike hulp ontvang sodat sy in Amerika kon studeer.* (1)

1.4.2 Haal uit die teks aan om jou antwoord in Vraag 1.4.1 te motiveer. (1)

1.5 Wat was die **implikasie** van Annie se eerste ongeluk op haar atletiekloopbaan? (1)

1.6 Hoekom het Annie gedurende die eerste paar maande oorsee dit nog moeiliker gevind om van haar beserings te herstel? (1)

1.7 Noem **twee** ander dinge **behalwe** haar sportprestasies, waarop Annie baie trots kan wees. (2)

1.8 Watter **lewenslesse** het albei Annie en haar 72- jarige kliënt in gemeen ervaar? Verduidelik in **jou eie woorde**. (2)

**[15]**

**VRAAG 2 TAYLOR SWIFT**

Bestudeer die teks voordat jy die vrae daaroor beantwoord.



HG TIENERS

# Blonde Ambisie

2019

reguit kuif

swart oogomlyner

**HIER HET DIT BEGIN!**

Sedert haar debuutalbum in 2006 het Taylor Swift country- vir popmusiek verruil. Haar lang goue lokke was haar gewildste kenmerk.

2006

**DIE LIEFDE …**

Baie van haar liedjies is deur blitsverhoudings geïnspireer.
Regs: Sedert 2016 is sy in 'n romanse met die Britse akteur, Joe Alwyn (27).

**American Music Awards**

Haar sesde album, *Reputation*, was topverkoper in 2018. Die konsert het R3,6 miljard verdien. Die beeldskone blondine het aan haar 83,4 miljoen volgelinge getwiet: "As iemand jou op sosiale media name noem om jou te boelie, hoef dit jou nie te knak nie. Dit kan jou net sterker maak."

(102 woorde) [Bron verwerk uit: **huisgenoot.com**, 14 Februarie 2019]

2.1 Watter grimering gebruik Taylor Swift in 2019 om haar oë dramaties te laat lyk? Haal **twee agtereenvolgende woorde** uit die teks aan. (1)

2.2 Hoe verskil Taylor se haarstyl in 2006 van die styl in 2019? Gee **twee** verskille. (2)

2.3 2.3.1 Stem jy saam met die volgende stelling? Sê Ja of Nee.

*Taylor se vorige verhoudings het altyd net vir ’n kort rukkie gehou.* (1)

2.3.2 Haal **een woord** uit die teks aan om jou antwoord te staaf. (1)

2.4 Kies die korrekte antwoord en skryf net die alfabetletter neer.

Hoe het Taylor onlangs met al haar bewonderaars gekommunikeer?

A op ’n albumblad.
B deur talle foto’s.
C in ’n tydskrifartikel.
D deur ’n twiet. (1)

2.5 Na watter musiekgenre sal aanhangers op Taylor se nuutste album luister? Skryf net die **woord** neer. (1)

2.6 Dink jy Taylor Swift is ’n goeie rolmodel vir tienermeisies? Noem **twee** redes. (2)

**[9]**

**VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT**

**Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.**




**Al Debbo** was ’n Suid-Afrikaanse akteur, komediant en sanger. Hy is bekend vir die liedjie *Sonbrilletjies*. Al Debbo het in twintig rolprente gespeel, terwyl Charlize Theron wat ’n Golden Globe/Oscar-wenner is, omtrent ses flieks van Al Debbo het.

(37 woorde) [Bron: *Volksblad*, 3 April 2019]

3.1 Van watter dorp kom Charlize Theron af? (1)

3.2 Watter **twee visuele leidrade** wys dat Charlize soos ’n modemodel lyk? (1)

3.3 Voltooi die volgende sin deur die gepaste woorde in te vul:

Al Debbo is Charlize Theron se 3.3.1 **(*favourite* – gee die Afrikaanse woord)** Afrikaanse akteur, terwyl sy ’n baie suksesvolle 3.3.2 **(akteur – gee die vroulike vorm)** in Amerika is. (2 x ½ = 1)

3.4 Verduidelik waarom Al Debbo se **gesigsuitdrukking** op die plakkaat jou sal laat lag. Noem **twee** dinge. (2 x ½ = 1)

3.5 Hoe weet jy dat Charlize Theron in ’n luukse woning bly? (1)

3.6 Op watter Amerikaanse **toekenning** is Charlize baie trots en noem ook die **kleur** daarvan. (2 x ½ = 1)

**[6]**

**TOTAAL: 30 PUNTE**

**AFDELING B   OPSOMMING**

**VRAAG 4**

- Bestudeer die onderstaande teks, getiteld ***Dubbele Standaarde***.
- Som dan die teks op.
- Skryf die opsomming **puntsgewys (l, 2, 3, 4, 5)** in **5 volsinne** neer.
- **LET WEL: Elke sin moet één feit oor seuns, en één feit oor meisies bevat.**
- Jou opsomming behoort **70 woorde** lank te wees.
- Jy sal gepenaliseer word as jou opsomming **minder as 60 woorde of meer as 80 woorde lank is.**

**ONTHOU:**

- Skryf '**n woordtelling** aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie sinsdele direk uit die teks aanhaal nie.
- Elke hoofpunt moet slegs **een sin** bevat.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

**<u>DUBBELE STANDAARDE</u>**

1. Party goed in die lewe bly maar 'n raaisel: soos waarom die samelewing seuns en dogters nie volgens dieselfde standaarde oordeel nie. Seuns wat huil word dikwels as sissies beskou, maar dogters wat huil, is maar net sag en sensitief.

2. Daar word van seuns verwag dat hulle ambisieus moet wees en daarna strewe om eendag in die sake-wêreld bo uit te kom. Hulle moet direkteure van maatskappye word of hul eie besigheid besit. Niks minder nie. Dogters wat ambisieus is, word later as volwassenes as te kompeterend, te aggressief in die werksplek beskou.

3. Teen die tyd dat 'n seun of dogter op die ouderdom van drie kleuterskool toe gaan, is hy/sy reeds gekondisioneer en wéét hoe 'n seun of 'n dogter hom/haar moet gedra. Seuns word blootgestel aan kontak sport, aan fisiese aktiwiteite waarin hulle kan wys hoe sterk hulle eintlik is, terwyl dogters nie aan sulke rowwe sportsoorte mag deelneem nie, want dalk kry hulle seer!

4. Elke dag sien seuns die tipiese "macho-man" op televisie, en dit is die voorbeeld wat baie van hulle volg. Aan die ander kant word dogters beskou as die "swakker geslag" wat dikwels geleer word dat kalmte, sagtheid en minder aggressie aanvaarbare gedrag vir 'n "regte jong vrou" is.

5. Sielkundiges waarsku: seuns en dogters ís verskillend maar die kuns is om 'n seun én 'n dogter 'n positiewe identiteit te help ontwikkel wat nie stereotipies is nie.


**[10]**

(237 woorde) [Geskryf deur F. Malherbe]

## AFDELING C TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 5 SINSTRUKTURE

**Bestudeer die spotprent hieronder en herskryf dan die sinne soos aangedui.**




[Bron: Netwerk 24]

5.1 Wanneer Piet by die huis kom, kan hy skaars op sy voete staan.

**Toe ---** (1)

5.2 Het sy vrou hom al ooit so dronk gesien?

**Nee, ---** (1)

5.3 Sy maak nie die deur vir hom oop nie.

**In die toekoms ---** (1)

5.4 Die vrou sê vir haar man: "Daardie fyn stemmetjie gaan jou nie help nie."

**Die vrou sê vir haar man dat ---** (1)

5.5 Haar man moet volgende keer minder alkohol drink.

**Haar man behoort ---** (1)

5.6 Piet praat nou in 'n fyn stemmetjie maar hy is met 'n diepstem weg!

**Alhoewel ---** (1)

5.7 ’n Baie kwaai vrou het nounet die voordeur oopgemaak!

**Die voordeur ---** (1)

5.8 Sy rol haar moue op sodat sy hom kan wys wie is baas.

**Sy rol haar moue op om ---** (1)

5.9 Piet sit en drink saam met sy maats in die kroeg.

**Vroeër vanaand ---** (1)

5.10 Sy maats moet Piet aanmoedig om nie so laat uit te bly nie.

**Piet ---** (1)

5.11 Fynstemmans is goeie troumateriaal. Hulle lyk egter nie so aantreklik nie.

**Fynstemmans wat ---** (1)

**(Meisies, dis wat die spotprent sê, nie ék nie! ☺)**

5.12 Bly ou Piet nog steeds so laat in die aand uit?

**Nee, ---** (1)

**[12]**

**VRAAG 6 WOORDSTRUKTURE**

**Lees die paragraaf wat op die spotprent gebaseer is, deur. Doen dan elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord neer.**





[Bron: Pressreader]

Oom Frans lees ‘n artikel in die **6.1 (newspaper – gee die Afrikaanse woord)**. Dit handel oor **6.2 (bikini – gee die meervoud)** wat in 2019 **6.3 (70 – skryf die getal voluit)** jaar oud word! Sy opmerking is dat alle goed wat **6.4 (baie oud – gee die intensiewe vorm)** is, nie noodwendig sleg is nie. Sy vrou dink hy verwys na **6.5 (hom / haar / sy – kies die korrekte voornaamwoord)** en is baie dankbaar vir die kompliment. Sy is ‘n **6.6 (dierbaar – gee die korrekte vorm van die woord)** ou tannie wat **6.7 (in die middag – gee een woord)** vir haar man tee en koekies aandra, en saans ‘n lekker bord kos bedien. ’n Mens wonder **6.8 (as / of / asof – kies die korrekte voegwoord)** oom Frans regtig **6.9 (waardeur / waardeer – kies die korrekte spelling)** wat sy vrou alles vir hom doen. Dit is **6.10 (10h30 – skryf uit in woorde)** en daar rus hy te lekker in die stoel terwyl sy vrou so hard werk! A-nee-a! ’n Man mag nie ’n ou **6.11 (verskoning – gee die verkleinwoord)** uitdink om nie sy vrou in die huis te help nie. Die ou tannie sal al hoe **6.12 (kwaad – gee die vergrotende trap)** raak om die enigste **6.13 (hard + werk – gee die teenwoordige deelwoord)** persoon in die huis te wees. **6.14 (Dus / Dis – kies die korrekte spelling)** sommer nonsens! Oom Frans behoort met sy bril **6.15 (gee die ontbrekende woord)** kan sien dat sy haar afsloof, en wat al die huiswerk betref – wel, hy moet haar **6.16 (met + dit – gee een woord)** help!

**[8]**

## VRAAG 7 KOMMUNIKASIE

- **Lees die inligting hieronder wat op die spotprent gebaseer is, goed deur.**
- **Voer die instruksies wat by elke situasie gevra word, uit.**
- **Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat.**
- **Elke respons moet <u>15 – 20 woorde</u> lank wees. Skryf die aantal woorde neer.**




[Bron: Netwerk 24]

7.1 Oeps! Die bestuurder (B) het in 'n ander motor vasgery. Hy **blameer** sy vrou (C) vir die ongeluk, en vertel die verkeerskonstabel (A) wat **sy** vrou **verkeerd gedoen het.** Skryf neer wat **die man vir die verkeerskonstabel** sê. (2)

7.2 Die vrou (C) is **woedend** vir haar man (B) en **ontken** dat sy die ongeluk veroorsaak het. Skryf neer wat **sy vir haar man** sê. (2)

7.3 Die verkeerskonstabel (A) is **ongeduldig,** wil nie na hulle verskonings luister nie, en **waarsku** hulle om veiliger te bestuur. Wat sê **hy vir hulle**? (2)

7.4 Die man (D) is baie **ontsteld** oor die ongeluk en verduidelik vir die bestuurder **waarom** hy so voel. Wat sê **hy vir die bestuurder**? (2)

7.5 Jy is **bekommerd** oor jou oupa wat al oud is want hy is nié ‘n goeie bestuurder nie. Jy **praat mooi** met hom, en probeer hom **ompraat** om op te hou bestuur. Wat sê **jy vir hom**? (2)

**[10]**

**AFDELING C: 30 punte**

**TOTAAL: 70 PUNTE**